Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Gavin de Bruyn/Tamaryn Petersen
Direktoraat: Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut
(EDULIS ingesluit)
Gavin.deBruyn@westerncape.gov.za | 021 900 5053
Tamaryn.Petersen@westerncape.gov.za | 021 900 5040

Lêerno.: 23/2/8/1/ NTA 2025
Verwysing: 20250312-1545

Kaapse Onderrig-en-Leierskapinstituutminuut: 0003/2025

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde van subdirektorate en afdelings by Hoofkantoor, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: IGLOO-koördinering en -advies, Kringbestuurders, Vakadviseurs, Prinsipale van openbare skole, Hoofde van geregistreerde graad R-sentrums en Voorsitters van beheerliggame by openbare skole

Onderwerp: Die Nasionale Onderwystoekennings vir 2025

1. Die nasionale onderwystoekennings erken uitnemendheid en hoë vlakke van professionalisme en gee vir die onderwysgemeenskap die geleentheid om die prestasies van buitengewone opvoeders te vier deur die kollig op die uitsonderlike werk wat deur hierdie opvoeders gedoen word, te plaas.

2. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) is dus trots om die 25ste jaarlikse provinsiale toekenningseremonie aan te bied en die gasheer daarvan te wees. Hierdie geleentheid word vir **15 Augustus 2025** beplan, 'n voorlopige geleentheid wat die 25ste jaarlikse seremonie van die nasionale onderwystoekennings voorafgaan.

3. 'n Elektroniese weergawe van die nominasiegids vir die jaarlikse nasionale onderwystoekennings (*Nomination Guide for the Annual National Teaching Awards*), wat die nominasievorms en kwalifiserende kriteria bevat, kan verkry word deur die skakel hieronder te gebruik. Skole word versoek om die tersaaklike dokumente via die volgende skakel af te laai: https://wcedonline.westerncape.gov.za/national-teaching-awards

4. 'n Afskrif van die nominasiegids is ook as **Bylae A** by hierdie minuut aangeheg. Let asseblief daarop dat geen drukstukke aan skole verskaf sal word nie.

5. Alle opvoeders, beheerliggame en distriksamptenare word uitgenooi om nominasies, wat op die kriteria in die nominasiegids gebaseer is, by hul prinsipale of sentrumbestuurders in te dien.

6. Die toekenning vir sorg en ondersteuning, "*2023 Care and Support Awards*", is as Uitnemendheid in Onderrig van Lewensvaardighede ("*Excellence in Teaching Life Skills*") (Graad 1 tot 6) by die nasionale onderwystoekennings geïntegreer.

7. Verdienstelike opvoeders kan in die volgende 15 kategorieë genomineer word:
   - Uitnemendheid in graad R-onderrig
   - Uitnemendheid in Laerskoolonderrig (Graad 1 tot 7)
   - Uitnemendheid in Laerskoolleierskap
   - Uitnemendheid in Hoërskoolonderrig (Graad 8 tot 12)
   - Uitnemendheid in Hoërskoolleierskap
   - Uitnemendheid in Onderrig vir Leerders met Spesiale Onderwysbehoeftes
   - Uitnemendheid in Leierskap in Skole vir Leerders met Spesiale Onderwysbehoeftes
   - Uitnemendheid in Onderrig van Wiskunde (AOO)
   - Uitnemendheid in Onderrig van Wiskunde (VOO)
   - Uitnemendheid in Onderrig van Natuurwetenskappe
   - Uitnemendheid in Onderrig van Fisiese Wetenskappe
   - Uitnemendheid in Onderrig van Lewensvaardighede (Graad 1 tot 6)
   - Uitnemendheid in Tegnologie − Verrykte Onderrig en Leer
   - Nasionale Toekenning vir Beste Onderwyser
   - Kader Asmal-toekenning vir Lewenslange Prestasie

8. Die WKOD wil graag alle genomineerdes se aandag vestig op die kwalifiserende kriteria, soos uiteengesit in die nominasiegids (paragraaf 10, bladsye 63–67).

9. Genomineerdes vir die nasionale onderwystoekennings moet aan die volgende kriteria voldoen:

9.1 Genomineerdes moet minstens twee jaar in die onderwysprofessie wees en minstens twee jaar as opvoeder in 'n gewone, openbare skool of vroeëkindontwikkelingsentrum in Suid-Afrika werksaam wees; of

9.2 Genomineerdes moet minstens twee jaar 'n leierskapsrol in die skoolbestuurspan beklee.

10. Voorts mag slegs prinsipale, adjunkprinsipale en opvoeders by **openbare skole vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes inskryf vir die kategorie, Uitnemendheid in Onderrig vir Leerders met Spesiale Onderwysbehoeftes en die kategorie, Uitnemendheid in Leierskap in Skole vir Leerders met Spesiale Onderwysbehoeftes**. Verwys asseblief na paragraaf 10.1 (k) en (l) (bladsy 64) van die nominasiegids (Bylae A) vir meer duidelikheid oor hierdie kategorieë.

11. Genomineerdes word versoek om hulle te vergewis van die nominasiekriteria en beoordelingsproses.

12. Spanne, wat uit hoogstens vyf opvoeders per span per kategorie bestaan, kan ook vir die nasionale onderwystoekennings ingeskryf word.

13. Om wenners op distriksvlak, provinsiale vlak en nasionale vlak te kies, sal van genomineerdes verwag word om 'n aanbieding (PowerPoint) oor die algemene sowel as die spesifieke kriteria voor te lê en die aandag te vestig op hul werk wat vir hierdie gesogte toekennings oorweeg moet word. Dit sal dien as die finale onderhoud om die distrikswenners, asook provinsiale en nasionale wenners te bepaal.

14. Op distriksvlak sal kandidate wat op die kortlys is die geleentheid kry om hul onderhoude en aanbiedings persoonlik by die distrikskantoor te doen, of soos deur die distrikskoördineerder bepaal.

15. Vir die provinsiale rondte van beoordeling sal distrikswenners hul onderhoude en aanbiedings by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI) in Kuilsrivier doen.

16. Wenners op distriksvlak en hul naaswenners, asook wenners op provinsiale vlak en hul naaswenners, sal pryse wat deur die WKOD bepaal is, ontvang.

17. Die nominasievorms is vereenvoudig en aansienlik verkort om aan meer opvoeders die geleentheid te gee om vir hierdie gesogte toekennings genomineer te word.

18. Die sluitingsdatum vir die indiening van alle nominasievorms by die Direktoraat: Kaapse Leierskap- en Onderriginstituut is **16 Mei 2025**.

19. Prinsipale en skoolnominasiespanne word versoek om die volgende skakel te gebruik om die voltooide nominasievorms op te laai: https://forms.gle/i4VY4oALtScf9UN59

20. Verwys asseblief na **Bylae B** en die **kontrolelys op bladsy 2 van hierdie bylae** vir besonderhede rakende die indiening van nominasievorms en die daaropvolgende beoordelingsproses.

21. Die volgende datums dien as belangrike riglyne om die sukses van die 2025-proses te verseker:

Nr.	**Aktiwiteit**	**Tersaaklike datum**
1	Sluitingsdatum vir nominasies	**16 Mei 2025**
2	Beoordelingsproses in distrik	**26 tot 30 Mei 2025**
3	Aankondiging van distrikswenners en naaswenners (Distrik se seremonie)	**01 Junie tot 20 Junie 2025**
4	Provinsiale beoordelingsproses	**23 Julie tot 29 Julie 2025**
5	Provinsiale toekenningseremonie	**15 Augustus 2025**
6	Nasionale beoordelingsproses	**09 tot 11 September 2025**
7	Nasionale toekenningseremonie	**09 Oktober 2025**

22. Indien u verdere inligting verlang, kom asseblief in aanraking met die toepaslike distrikskoördineerder in die lys hieronder:

Distrik	Distriks-koördineerder(s)	Tel. no.	E-posadres
Metro-Oos	Craig Paulsen	021 900 7035	Craig.Paulsen@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal	Sheldon Lingeveldt	021 514 6945	Sheldon.Lingeveldt@westerncape.gov.za
Metro-Noord	Kaydy Cheng	021 938 3174	Kaydy.Cheng@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Genine Erfort	021 374 4107	Genine.Erfort@westerncape.gov.za
Kaapse Wynland	Elton-John du Plessis	023 348 4682	Elton-John.DuPlessis@westerncape.gov.za
Eden en Sentraal-Karoo	Errol Meiring	044 803 8344	Errol.Meiring@westerncape.gov.za
Overberg	Edward Kies	084 583 5008	Edward.Kies@westerncape.gov.za
Weskus	Janine Adonis	021 860 1208	Janine.Adonis@westerncape.gov.za
Provinsiale kantoor (KOLI) *Vir alle navrae	Gavin de Bruyn	021 900 5053	ProvincialNta@wced.info
	Tamaryn Petersen	021 900 5040	ProvincialNta@wced.info

23. Die nasionale onderwystoekennings word deur die provinsiale Minister van Onderwys, Hoof van Onderwys, vakbonde en beheerliggaamverenigings ondersteun.

24. Alle lede van die skoolgemeenskap word aangemoedig om aan die nominasie van verdienstelike opvoeders vir die nasionale onderwystoekennings deel te neem.

25. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderrigpersoneel.

GETEKEN: BJ LORISTON
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2025-04-10